

7 November 2021

Hoërskool Kategese

Markus 12:38-44



wat wil jy vandag bereik?

Ons kyk deur Jesus se oë na mense.
Jesus sien skrifgeleerdes wat duur klere aantrek.
Daar is ook 'n arm weduwee.
Mense sien maklik die belangrike mense en kyk die armes mis.
Jesus help ons sien dat iemand wat min het om te gee - alles gee.
Terwyl ander dalk meer gee, maar so baie het.
Jesus vra nie net iets van ons nie, Hy wil alles hê.

**Ter wille van gemeentes
wat gewoon is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.**

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van
Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het
dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede
van die NOUS span te nooi
om opleiding rondom hierdie metodiek
te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Soms bêre mense iets spesiaal of sentimenteel in hulle handsak of beursie.

Het jy so iets?
(wat vir jou waardevol is)

Ken jy iemand wat altyd gasvry optree of baie vrygewig is?
Deel gerus in die groep oor hierdie persoon wat jy ken.

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Markus 12:38-44 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

word stil

**Die aarde en alles wat daarop is,
die wêreld en dié wat daar woon,
alles behoort aan die Here,
Psalm 24:1**



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Hoekom het Jesus met Sy dissipels by die
offergawekis gaan sit en kyk hoe mense geld vir die
tempel gee?

Wat dink jy/ julle motiveer die weduwee om alles wat
sy het, te gee?

Hoe voel jy oor dit wat die weduwee gedoen het?

Jesus praat met sy dissipels oor die waarde van die
offer wat die weduwee bring.

Jesus se wiskunde somme werk anders as ons sin.
Hy sê die weduwee se klein offer was meer werd as
die ander mense wat baie meer as sy gegee het.

Hoekom sê Hy so?

Wat leer Jesus se dissipels hier?
Wat kan ons hieruit leer?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Waarom gee jy vir die kerk / God se werk van jou geld / tyd /
vaardighede?

Dink jy hoe en wat ons vir God gee tedeoen het met ons geloof?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou
geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

